




SOMER IS HIER!

GEHEKELDE BIKINI

BENODIGDHEDE: 3(4; 5; 6) bolle (25 g elk) Twilleys Lyscordet; hekelpen van 2,5 mm; 5 gordynringe met deursnee van 2,5 cm; rekgaring.

MATE: Om borsmaat van 81(86; 91; 97) cm te pas; heupmaat 86(91; 97; 102) cm.

SPANNING: 13 lb = 5 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; volg - volgende; lb - langbeen; sp(s) - spatie(spasies); gs - glipsteek; st(e) - steek(steke); oorbl - oorblywende; herh - herhaal; vermeer - vermeerder; vermin - verminder.

BOSTUK

KEËLS (2): Hekel 3 ks, gs in 1e ks om 'n ring te vorm.

1e rondte: 3 ks vir 1e lb; 8 lb in ring, gs in bopunt van 3e ks.

2e rondte: 3 ks, (1 lb, 1 ks, 2 lb) tussen vorige en vlg lb, 1 lb in elk van vlg 3 lb, * (2 lb, 1 ks, 2 lb) tussen 2 lb van vorige rondte, 1 lb in elk van vlg 3 lb; herh van * nog een keer, gs in bopunt van 3 begin-ks.

3e rondte: 3 ks, 1 lb in vlg lb, * (2 lb, 1 ks, 2 lb) in ks-sp, 1 lb in elk van vlg 7 lb; herh van *, eindig met 5 lb, gs in bopunt van 3 ks.

4e rondte: 3 ks, 1 lb in elk van vlg 3 lb, * (2 lb, 1 ks, 2 lb) in ks-sp, 1 lb in elk van vlg 11 lb; herh van *, eindig met 7 lb, gs in bopunt van 3 begin-ks.

5e rondte: 3 ks, 1 lb in elk van vlg 5 lb, * (2 lb, 1 ks, 2 lb) in ks-sp, 1 lb in elk van vlg 15 lb; herh van *, eindig 9 lb, gs in bopunt van 3 ks. Hekel so voort, vermeer in die 3 hoekpunte van elke rondte tot werk 4(5; 6; 7) cm vanaf middelpunt lank is, gemeet oor 'n reguit lyn tussen die hoeke.

Vlg rondte: gs in elke lb tot vlg hoek en hekel in die 1e lb van vlg kant: 4 ks — vir 1e lb en 1e ks — slaan vlg lb oor, 1 lb in vlg lb; * 1 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg lb; herh van * tot * tot vlg hoek, (1 ks, 1 lb) 2 keer in hoek-ks-sp, 1 ks, 1 lb in vlg lb; herh van * tot * tot vlg hoek, draai.

Vlg rondte: 4 ks, 1 lb in vlg lb, * 1 ks, 1 lb in vlg lb; herh van * tot * tot vlg hoek, (1 ks, 1 lb) 2 keer in hoek-sp, 1 ks, 1 lb in vlg lb; herh van * tot * tot vlg hoek, 1 ks, slaan 1 ks oor, 1 lb in vlg ks, draai. Heg af.

ONDERSTE OMRANDING EN AGTERPANTBANDJIES: Hekel kb rondom een gordynring en heg af. Werk die ring tussen 2 keëls vas. Hekel nou 'n ketting van 66 cm, hekel voort met kb oor die onderste rand van regterkeël, ring en linkerkeël, hekel nog 66 cm ks, draai.

Vlg ry: 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elke ks, 1 kb in elke kb, 1 kb in elke ks, draai; hekel nog een ry kb en heg af.

SKOUERBANDJIES: Heg garing aan 1-ks-sp by bopunt van regterkeël, hekel 'n ketting van 66 cm lank.

Vlg ry: 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elke ks tot einde, gs in 1-ks-sp, draai.

Vlg ry: 1 kb in elke kb tot einde. Heg af. Hekel nog so 'n bandjie vir tweede keël.

BROEKIE

AGTERPANT: Hekel 93(101; 105; 113) ks.

Basisry: 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elke ks tot einde, draai.

2e ry: 1 ks, 1 kb in elke kb tot einde, draai. Herh 2e ry nog 4 keer.

Vlg ry: 3 ks vir 1e lb, 1 lb in elke st tot einde, draai. **

Vorming: Vlg ry: gs oor eerste 3 ste, 3 ks in 4e lb, 1 lb in elke lb tot laaste 3 lb, draai.

Herh laaste ry tot 8(10; 8; 10) lb oorbly.

Hekel 1 ry en heg af.

VOORPANT: Soos agterpant tot **.

Vorming: Vlg ry: gs tot 34e(37e; 40e; 43e) lb, 3 ks, 1 lb in elke lb, tot laaste 33(36; 39; 42) lb, draai.

Hekel voort op middelste 26(28; 26; 28) lb.


Vermin soos volg: **Vlg ry:** 3 ks, slaan vlg lb oor, 1 lb in vlg lb, 1 lb in elke lb tot laaste 2 lb, slaan vlg lb oor, 1 lb in bopunt van draai-ks, draai.

Herh laaste ry nog 8 keer — 8(10; 8; 10) lb.

Hekel 5(6; 7; 8) rye reguit en heg af.

BORAND: Heg garing aan borand voor in 1e st vas; 4 ks vir 1e lb en ks; slaan vlg st oor, 1 lb in vlg st, (1 ks, slaan vlg st oor, 1 lb in vlg st) tot laaste st, 1 ks, 1 lb in laaste st, draai.

NA BLADSY 58



WIT-EN-BLOU
BIKINI



BOSTUK MET
BAKSTEENMOTIEF

VAN BLADSY 57

Vlg ry: 4 ks, 1 lb in vlg lb, (1 ks, 1 lb in vlg lb) tot einde.

Herh laaste ry nog een keer en heg af.

Hekel op dieselfde manier 'n rand oor borand van agterpant.

BROEKSPYPOMRANDING: Werk kruisnaat toe. Hekel 3 rye kb egalig rondom elke rand.

AFWERKING: Hekel kb rondom die oorbl 4 gordynringe, werk hulle twee-twee aan-mekaar en dan tussen syrande van broekspante vas. Ryg rekgaring deur agterkant van broekspyprande en borand van broekie, asook deur onderste rand van bra, indien verkies.

WIT-EN-BLOU BIKINI

BENODIGDHEDE: *Fiesta Double Crepe* (50-g-bolle): Ongeveer 100 g wit, klein hoeveelheid blou; een paar elk breinaalde van 3,50 mm en 4 mm.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 81 cm te pas.

SPANNING: 22 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - riffelsteek (= twee regs, twee aweregs); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; alt - alternatiewe; weersk - weerskante.

BROEKIE: Begin bokant van agterpant met 56 ste, en wit; brei ks, behalwe eerste en laaste 2 ste wat altyd regs gebrei word om 'n randjie te vorm.

Brei 6 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van elke alt ry 18 keer en altyd aan binnekant van eerste en laaste 2 randsteke. Brei voort sonder vermin vir 10 rye, begin dan vermeer vir voorpant.

Vlg ry: Vermeer 1 st aan weersk (aan binnekant van 2 rand-ste), elke alt ry, 14 keer. Brei nog 10 rye sonder vermeer en heg af in vlg ry.

BLOU RAND: Met blou en 3,50-mm-breinaalde stel 14 ste op; tel dan die ste van borand van voorpant op en aan ander kant stel 28 ste op; tel dan die steke van agterpant op en stel nog 14 ste op (dus aan albei kante 28 ste tussen pante). Brei 6 rye rif en heg af. Werk oop kant toe.

BIKINIBRA: Met wit, stel 32 ste op en brei 6 rye rs (elke ry regs); brei daarna voort in ks, maar hou die eerste en laaste 2 ste altyd in rs vir randjie, en brei 20 rye reguit.

Vermin daarna aan weersk 1 st aan binnekant van rand, elke alt ry, 15 keer. Knip garing af.

Brei die tweede keël op dieselfde manier.

Hekel nou met 'n hekelpen en blou 'n koordjie van 110 cm lank en nog 2 koordjies van 50 cm elk. Ryg lang koord deur onderkant van keëls en bind aan agterkant vas. Werk twee korter koorde aan bopunte van twee keëls vas en bind hulle agter vas.

BOSTUK MET BAKSTEENMOTIEF

BENODIGDHEDE: *Sirdar Wash 'n' Wear Double Crepe*, 300 g wit en 200 g rooi; breinaalde van 4 mm; hekelpen van 4 mm.

MATE: Om borsmaat van 81-86 cm te pas.

SPANNING: 15 ste en 32 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); gl - glip; beg - begin; ga - garing agter; awg - aweregs-gewys; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; weersk - weerskante; gs - glipsteek; rif - riffelsteek.

Buisriffelsteek: r 1, ga, gl 1 awg; in daaropvlg 4 rye, r die gs, en gl die r-st; brei daarna r 1, aw 1-rif en brei in daaropvlg rye die ste soos hulle voorkom.

Patroonsteek: 1e ry: Met rooi, aw-kant voor, brei aw.

2e ry: Met rooi, r 2, *r 1, draai garing 2 keer rondom naald, r 5*; herh tot einde.

3e ry: Met wit, aw, en laat die st met die opgedraaide garing aan voorkant van werk afglip; herh tot einde.

4e ry: r, gl die gs.

5e ry: Soos 3e ry.

6e ry: Soos 4e ry.

7e ry: Begin vanaf 1e ry.

8e ry: Brei soos 2e ry, begin met r 5.

Hierdie 8 rye vorm die pat en word deurgaans herhaal.

Hekelafkortings: kb - kortbeen; krap-st - krapsteek (= kortbeen van links na regs).

AGTERPANT EN AGTERSTE DEEL VAN MOUE: Met rooi, stel 72 ste op en brei 4 rye buis-rif-st.

Brei daarna 5,5 cm rif en slaan oor na pat-st. Brei voort tot werk 32 cm lank is.

Stel aan beg van vlg 2 rye 30 ste op om moue te vorm. Brei voort in pat oor al die ste tot werk 49 cm lank is. Heg middelste 40 ste af en brei 2 kante afsonderlik tot werk 51 cm lank is, brei dan 2 rye met rooi en plaas ste op 'n reserwenaald.

Brei voorpant en voorste deel van moue op dieselfde manier.

AFWERKING: Werk bonaat van moue en skouernaat toe. Werk sy- en mounate toe. Met rooi, hekel rondom halsrand en mourande 1 ry kb en een ry krap-st om af te werk.

BIKINI MET BAKSTEENMOTIEF

BENODIGDHEDE: Sirdar Wash 'n' Wear Double Crepe, 100 g wit, 100 g rooi; breinaalde van 4 mm; hekelpen van 4 mm.

MATE: Om borsmaat van 81-86 cm te pas.

SPANNING: 15 ste en 32 rye = 10 x 10 cm oor baksteenmotief.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); gl - glip; pat - patroon; rg - regsgewys; weersk - weerskante; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; herh - herhaal; beg - begin; gs - glipsteek.

Patroonsteek: 1e ry: (rooi) *gl 1 rg, r 3* herh tot einde.

2e ry: *gl die gs, aw 3*; herh tot einde.

3e en 4e ry: (wit) r tot einde.

5e ry: (rooi) r 2, *gl 1, r 3* herh tot einde.

6e ry: Soos 2e ry.


7e ry: Soos 3e ry.

8e ry: Soos 4e ry.

Dié 8 rye vorm die patroon en word deurgaans herhaal.

Buissteek: r 1, gl 1; herh tot einde. In daaropvlg rye gl die r-st en r die gs.

NA BLADSY 68



Nie net lank nie.
Nie net blywend nie.
Maar lang wimpers
wat 24 uur
lank hou.



Neem jou oë na die

Maxi
TM

MAX FACTOR GRIMERING

BIKINI

VAN BLADSY 59

Krapsteek (hekel): Kortbeen van links na regs.

AGTERPANT VAN BIKINI-BROEKIE: Met wit, stel 10 ste op en brei 1 ry r, 1 ry aw, brei daarna voort in pat-st, vermeer 1 st aan weersk tot daar 65 ste op breinaald is (ongeveer 20 cm). Brei dan 4 rye buissteek met wit en heg netjies af.

VOORPANT: Stel ste op soos vir agterpant. Sorg dat vermeerderings aan regte kant van werk gedoen word terwyl jy met wit garing werk. Wanneer werk 16 cm lank is, vermeer 2 ste aan weersk tot daar 57 ste op breinaald is. Brei dan weer 4 rye buissteek en heg af.

BIKINIBRA: Stel 30 ste op en brei 4 rye buissteek met wit. Brei voort in patroon op middelste 7 ste, vermeer 2 ste op 'n slag, 3 keer, en brei in patroon oor al dié ste. Vermin daarna 1 st aan weersk tot al die ste afgebrei is, en werk ongeveer 15 cm lank is. Brei die tweede keël op dieselfde manier.

AFWERKING: Met wit, hekel 'n rondte krap-st rondom elke beenopening en rondom elke keël. Maak koordjie van ks met wit garing en ryg dit deur die buis wat met buissteekbreiwerk gevorm is. Maak ook 2 koordjies vir hals, elk ongeveer 30 cm lank, werk dit aan bopunt van keëls vas.

SONBOSTUK

BENODIGDHEDE: *Fiesta Double Crepe* (50-g-bolle); ongeveer 250 g wit, (W); klein hoeveelheid in donker kontraskleur (K); paar drade geel garing vir borduursel; breinaalde van 3,50 mm en 4 mm.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 81 cm te pas.

SPANNING: 22 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - ruffelsteek (= twee regs, twee aweregs); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; alt - alternatiewe; weersk - weerskante; vlg - volgende; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; gs - glipsteek; gl - glip; m 1 - maak een steek.

Skuins-oopwerkpatroon: 1e ry: * m 1, grtgo, r 1*.

2e en alle ewe rye: aw tot einde.

3e ry: Brei soos 1e ry, maar verspring gaatjie een steek na links; hierdie rye vorm die patroon en word herhaal.

Vertikale oopwerkpatroon: Soos die patroon, maar sonder om die gaatjie te laat verspring.

AGTERPANT: Met 3,50-mm-breinaalde en wit stel 80 ste op en brei 6 cm rif. Vermeer 10 ste eweredig gespasieer oor eerste ry en slaan oor na 4-mm-breinaalde en ks. Brei voort tot werk 33 cm lank is vanaf begin.

Mousgatvorming: Heg 10 ste af aan beg van vlg 2 rye; daarna 3 ste aan beg van daaropvlg 2 rye; dan 2 ste aan beg van daaropvlg 2 rye; daarna 1 st aan weersk van elke alt ry, 8 keer.

Brei voort tot werk 6 cm lank is vanaf begin van mousgatvorming. Begin halsvorming deur middelste 20 ste af te heg. Brei die 2 kante afsonderlik.

Heg aan halsrand een keer 2 ste af, daarna 4 keer 1 st in elke alt ry. Brei voort tot werk 22 cm lank is vanaf begin van mousgatvorming en heg al die ste in vlg ry af. Brei tweede kant om ooreen te stem, al die vormings omgekeerd.

VOORPANT: Brei ruffelboord soos boord van agterpant, vermeer daarna 10 ste eweredig gespasieer oor vlg ry, slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei 22 rye skuins oopwerkpatroon. Brei voort in vertikale oopwerksteek vir 10 rye.

Slaan oor na ks. Brei voort tot werk 25 cm lank is vanaf begin en vorm hals deur steke in helfte te verdeel en elke helfte afsonderlik af te brei.

Vermin 1 st aan halsrand elke alt ry, 15 keer.

Vorm mousgate op dieselfde hoogte as dié van agterpant, op dieselfde manier, en wanneer werk so lank soos agterpant is, heg al die ste af.

Brei tweede kant op dieselfde manier, al die vormings omgekeerd.

HALSSTROOK: Werk een skouernaat toe, dan, met K en 3,50-mm-breinaalde tel ste rondom halsrand van voor- en agterpant op en brei 8 rye rif. Heg al die ste in vlg ry af.

MOUSGATSTROKE: Werk tweede skouernaat toe. Met 3,50-mm-breinaalde en K tel ste rondom mousgatrand op en brei 8 rye rif. Heg af.

AFWERKING: Werk synate toe. Met 'n geel draad, borduur 'n sonnetjie soos op foto gesien kan word.